# SIMBOLIEK

Die **vrou** dui daarop dat ons 'n vroue organisasie is wat 'n verskil wil maak,nie net in ons gemeenskap nie, maar ook oor ons grense heen, daarom Afrika as deel van die vrou. Ons is mos kinders van Afrika.

**KLEURE**

**Rooi** simboliseer die hart, liefde en warmte wat alles deel vorm van die DK vrou.

**Blou** simboliseer lewe.Ons vestig ons hoop op Hom wat lewe gee.

Die **pylpunte** - lede is doelgerig en relevant, vir nou en vir die toekoms. Vroue streef na sukses, in die klein en in die groot sirkels waar beweeg word.

Die **sirkels** wat al wyer uitkring, stel die rimpels voor wat uitkring na buite: Vanuit Die Dameskring, moet ons as lede ons boodskap na buite uitdra. Ons invloedsfeer kring uit vanaf ons as lede na ons gesinne, ons gemeenskap en die breër samelewing.